# SONDAGSKOOL LES: Gawes van die Heilige Gees–Weet Gawes

**Doel van les:**

- Hierdie week gesels ons oor die eerste drie gawes van die Gees. Ons noem hulle die Weet gawes.

**Ysbreker: Bybelse Kopkrappers**
Gee vir elke groep 'n blaaie met die kopkrappers op. Gee 'n tydjie kans vir die kinders om by die antwoorde uit te kom.

**INLEIDING**:
Verlede week het ons begin gesels oor die Gawes van die Heilige Gees. Ons het geleer dat daar nege gawes is en ons kan hierdie nege gawes ook opdeel in drie dele:

- Weet gawes, Doen gawes en Spreek gawes.

Ons gaan vandag bietjie meer oor die drie Weet gawes leer.

Met die ysbreker kon julle met goeie Bybelkennis redelik goed gedoen het, maar hierdie Weet gawes waarvan ons vandag praat, werk nie dieselfde nie. Dis nie dinge wat jy met kop kennis gaan hê nie en maak nie saak hoeveel jy leer nie, dis heeltemal iets anders. Slegs God kan dit bonatuurlik aan jou openbaar. Ons gaan nou na elkeen kyk:

**Groepwerk: Woord van Kennis**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan 'n definisie skryf vir 'n Woord van Kennis na aanleiding van wat julle nou gelees het.

- Handelinge 5:1-11
- Johannes 4:16-19

**Hulpvirleier**

Die Heilige Gees stel ons in staat om met behulp van hierdie gawe die verborge dinge waarmee mense/Satan besig is, raak te sien, Die Woord van Kennis openbaar ook die bestaan van verborge omstandighede wat 'n invloed op ons kan hê. Dis dinge wat in die verlede gebeur het, wat die persoon wat die Woord van kennis spreek nie self sal van weet nie tensy God dit aan hom/haar openbaar nie. Dis om iets skielik te weet van 'n persoon wat onmoontlik is virjou om te kan weet. Iets wat die persoon dalk gedoen het, iets wat hulle dink of die kondisie van hulle hart. Dit sal altyd iets wees wat in die verlede gebeur het.

**Groepwerk:Woord van Wysheid**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan 'n definisie skryf vir 'n Woord van Wysheid na aanleiding van wat julle nou gelees het.

- Genesis 41:15-37
- Handelinge 21:10-14

**Hulp vir leier**

Om iets deur God se oë te sien, insig te hê in dinge wat weggesteek is, om uitdrukking te gee aan gedagtes en idees wat insig in die werklikheid van sekere dinge gee. Dit sal iets wees wat die hier en nou of toekoms beinvloed. Dis 'n wysheid wat God nou vir jou sal gee vir die persoon waarmee jy te doen het en dit sal beslis nie iets wees wat jy met boekekennis of ondervinding kan op doen nie. Dis 'n bonatuurlike wysheid.

**Groepwerk: Onderskeiding van Geeste**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan 'n definisie skryf vir die gawe van Onderskeiding van die geeste na aanleiding van wat julle nou gelees het.

- **Handelinge 16:16-18**
- **Handelinge 8:18-23**

**Hulp vir leier**

Dit is die bonatuurlike gawe om te kan onderskei of iets deur God se werking of die werking van Satan gebeur. Jy kry geestelike insig in die geestelike realm om te identifiseer watter geeste besig is om te opereer.

Kry terugvoering van groepe.

Wat dink julle is die doel vir ons as kerk wanneer dit kom by hierdie weet gawes?

Kry terugvoering van groepe.

**SAMEVATTING**:
Ons het baie geleer vandag en dit mag dalk virjulle vreemd en onmoontlik klink, maar dis beslis waar. God het wonderlike geskenke vir Sy kerk en dit alles dien om Hom groot te maak en Sy kerk te laat groei.

Sluit af in groepe met gebed.